

Pretoriana



TYDSKRIF VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA
VERSKYN IN APRIL, AUGUSTUS EN DESEMBER

MAGAZINE OF THE OLD PRETORIA SOCIETY
PUBLISHED IN APRIL, AUGUST AND DECEMBER

Prys : 25c : Price

HAAK & ZOON,

ENGINEERING AND CYCLE WORKS.

Werktuigkundigen. Rijwielhandel.

CHURCH STREET, W., (near Koch St.)

KERK STRAAT, WEST (bij de Koch Straat)

PHOTOGRAPHY : NOEL DE SMIDT
CAPE TOWN PHONE 2-9464

HERINNERINGS AAN MELROSE HUIS

Dr. F. van Hasselt, jarelank 'n bekende ginekoloog in Haarlem, Nederland, is die dogter van ingenieur J. van Hasselt, indertyd hoof van die tegniese personeel van die N.Z.A.S.M. in Pretoria. Dr. van Hasselt is in 1891 gebore en het as 'n kind die Tweede Vryheidsoorlog meegemaak. Na die val van Pretoria het haar vader geweier om die eed van getrouheid aan die Britse bestuur af te lê en die familie is die land uitgewys. Hoewel Dr. van Hasselt haar verder lewe in Nederland gewoon het, daar gestudeer en gepraktiseer het, het sy altyd 'n baie warm hart vir Transvaal en Suid-Afrika gehad. Na al die jare is dit interessant om haar reaksies en herinnerings te verneem. Na aanleiding van twee prentkaarte van Kerkplein skryf sy: „met de beide foto's van Kerkplein in Pretoria ben ik héél blij. Behalve het Krugerstandbeeld, leeft het nog net zóó in mijn herinnering” (26 Februarie 1972). Insiggewend is haar opmerkings na die ontvangs van die program van die amptelike ingebruikneming van Melrose-Huis (17 Mei 1971) en die boekie met foto's van die gebou. „Tusschen ± mijn 3e en 7e jaar woonden wij in de Marais straat (sic. Jacob Marestraat) . . . Toen ik las dat het (Melrose) huis tegenover het park lag (dat ik mij héél goed herinner!) kwam er ineens een schokkende herinnering boven. In de ± drie weken, dat wij ná de val van Pretoria, en vóór onze uitwijzing naar Nederland van ons (latere) huis in Sunnyside naar de stad liepen (of fietsten), wees mijn Moeder mij een groot, wit huis aan en zei: „dáár woont nu de Engelsche gouverneur”. Het gaf me een akelig gevoel, zooals of je moest gaan huiken. . . . Het boekje . . . is héél mooi uitgevoerd en héél interessant — maar nog altijd in staat om een weemoedig gevoel op te roepen — ook al is Zuid-Afrika nu al zóó lang „vrij” en een zelfstandige staat. Het gevoel dat er iets héél onrechtvaardigs om je heen gebeurt, maakt, geloof ik, op een kind een enorme indruk — en ik vraag mij af, hoe dit doorwerkt bij de millioenen, die in een of ander gedeelte van die 20e eeuw „kind” zijn geweest. Later ga je relativeren — én je wordt wat cynisch. Bijvoorbeeld als je meemaakt, hoe „de Boeren”, die ± 1900 tot symbool van moed, deugd, trouw, enz. enz. door een groot deel van de wereld verheven werden — nu worden beschouwd als symbool van boosaardigheid ten opzichte van hun (anders gekleurde) medemenschen. . . . Als het niet zoo dom en tragisch was, zou je er om moeten lachen — en misschien is dat het beste!” Verstandige woorde van 'n oud-Pretorianer en vriendin van Suid-Afrika.

F. G. E. NILANT

SES MAANDE UIT „DE SPECTATOR"

INLEIDING

In die loop van die jare het skrywer hiervan dikwels, veral in oud-Nederlandse kringe in die Hoofstad, die van Mondriaan en die naam van sy koerant „De Spectator” hoor noem. Klaarblyklik het sowel die herinnering aan mnr. Willem Frederik Mondriaan as aan die blad wat hy uitgegee het, in so ’n mate vervaag dat daar in die bekende gedenkboek „Pretoria 1855-1955” geen melding nóg van die veelsydige joernalis nóg van „De Spectator” gemaak is nie. En tog het hierdie weekblad van 1910-1922 in die Hoofstad verskyn tot tyd en wyl dit deur die krygswet tydens die Randse staking dodelik getref is. Mnr. Mondriaan het sy talente in ander rigtings as die joernalistiek laat geld en is in 1944 in Pretoria oorlede. Navorsers kan gerus kennis neem van die inhoud van „De Spectator” Hulle sal dan ontdek dat „De Spectator” meer was as „’n Hollandse blaadje”. Wie meer in hierdie verband wil weet, word na die uitgawe van 9 Februarie 1916 verwys, waarin die redakteur die doelstellings van sy publikasie uitvoerig beskrywe het.

Danksy die welwillendheid van mev. J. Mondriaan was ek in die geleentheid om die uitgawes van „De Spectator” van die tweede helfte van 1916 na te gaan. Hulle bevat plaaslike sowel as wêreldnuus uit die oorlogsjare, verslae oor vergaderings van die plaaslike stadsraad en velerlei ander wetenswaardighede.

Uit die veelvuldige advertensies blyk dit dat ’n groot aantal destydse winkels in die Hoofstad tans nie meer bestaan nie. Aan die hand van „De Spectator” van 1.7.1916 word die volgende genoem:

Penberthy en Van Laak, Pretoriusstraat 277 (teenoor die stadsaal) (motors en fietse); L. te Groen, Vermeulenstraat 218 (langsaan „The Pretoria News”) (sigare, sigarette, tabak), met „Smokers Supply Store” aan Kerkplein (no. 4); J. H. de Loor, Visagiestraat 48, eienaar van die „Wilhelmina Bakkerij”; J. Boerstra, hoek van Schoeman- en Schubartstraat (bakkery); genl. C. H. Muller se kantoor, Erasmusgebou, Kerkplein, Kamer 3, waarin die vroeëre generaal, direkteur van die Landbank en oud-voorsitter van die Transvaalse Landraad as „Algemene Agent en Vendu Afslager, Koper en Verkoper van gronden, Vereffenaar van Boedels” opgetree het; die kruidenierswinkel van die weduwee W. E. de Loor, hoek van Potgieter- en Visagiestraat; die „Brabantsche Schoenwinkel” van die weduwee H. de Bruyn, Marktstraat (tans Paul Krugerstraat) 309; L. C. Ruyssemaers se slaghuis op die hoek van Potgieter- en Visagiestraat, en die kantoor van Taylor en Geerling, Kerkplein 29. Sowel die bekende winkel van Schultis Schwar en Kie. en Van Schaik se boekwinkel, albei in Kerkstraat-Sentraal, het die spreekwoordelike storms van die tyd oorleef.

JULIE 1916

In „De Spectator” van 1 Julie 1916 is o.m. vermeld dat die stedelike mediese amptenaar van gesondheid afgekondig het dat kinders onder 14 vanaf 30.6.1916 tot 23.7.1916 nie in bioskope en teaters sou toegelaat word nie omdat daar masels onder die jeug uitbreek het. In die volgende uitgawe (8.7.) is o.m. aangekondig dat J. Dekker en die bekende skilderes „madamoiselle A. Piltan” op 3.7.1916 in die Goudstad getroud is. Die eerste optrede van die „Afrikaanse Zang Vereniging” het op 29 Junie 1916 in die stadsaal plaasgevind, terwyl die „Pretoria Gymnastiek Vereniging” op 30.6.1916 ’n uitvoering in die paviljoen van die „Nationale Club” (Markstraat-Noord) gehou het.

In dieselfde uitgawe is vermeld dat die volgende politieke gevangenes uit die Johannesburgse Fort ontslaan is: Genl. A. P. J. Bezuidenhout, kapt. H. Williams en lt. Piet Botes. Laasgenoemde is by sy aankoms op Pretoria verwelkom.

In die uitgawe van 15.7.1916 het oud-lt. F. C. Eloff na aanleiding van ’n uitlating van genl. Louis Botha op Ventersdorp verklaar dat hy ten tye van die Britse besetting van Pretoria tydens die Tweede Vryheidsoorlog namens die regering deur genl. J. C. Smuts en die Staatspresident gelas is om by mev. pres. Kruger te bly. Na die dood van laasgenoemde is aan lt. Eloff die keuse gelaat om as ’n krygsgevangene na Bermuda te gaan of om op eie koste na Europa te vertrek. Hy het die laaste alternatief gekies.

Verder lees ons in dieselfde uitgawe dat L. H. Wagner, seun van die voormalige hoof van die Staatsmodelskool (mnr. F. Wagner), ’n oud-leerling van die plaaslike Staatsgimnasium, eers aan die Gereformeerde gimnasium (Amsterdam) en daarna aan die Amsterdamse Stedelike Universiteit gestudeer het. Vervolgens het hy drie jaar praktiese ondervinding in Haarlem (Nederland) opgedoen om kort voor die verskyning van bogenoemde berig in die geneeskunde te promoveer (Amsterdam).

In dieselfde uitgawe lees ons dat dr. Hjalmar Reitz in die Transvaalse Provinsiale Raad navraag gedoen het oor die beweerde wrywings tussen die prinsipaal en „zekere hollandssprekende studenten” van die plaaslike Normaalkollege. Administrateur Rissik het die vraesteller geantwoord dat ’n kommissie van ondersoek, bestaande uit H. Malherbe, T. Reunert en dr. F. V. Engelenburg aangestel was. In latere uitgawes kan die verslac van die kommissie met betrekking tot genoemde onderwysinrigtings op Pretoria en Heidelberg gelees word.

As lede van die plaaslike skoolraad is ds. H. S. Bosman, D. J. E. Opperman en Geo. Lane deur die Administrateur aangestel, terwyl in dieselfde uitgawe (22.7) vermeld is dat sedert die vorige Sondag ’n spesiale trem met die opskrif „Alleen voor Kleurlingen” deur Pretoria ry.

Mev. genl. P. J. Joubert se toestand het steeds agteruit gegaan. In die uitgawe van 29.7. is, in ’n brief wat van Stellenbosch ontvang is, voor-

gestel dat die motor van genl. Beyers, wat volgens skatting £600 sal kos, aangekoop moet word. Bydraes kon o.m. aan „De Burger” (Kaapstad) gestuur word. In dieselfde uitgawe is tevens meegedeel dat Danie Fourie, ’n broer van wyle komdt. Jopie Fourie, wat in Duits Oos-Afrika aan Duitse kant geveg het, krygsgevangene geneem is.

Boeke was aanmerklik goedkoper as vandag en werke soos „Die Vlakte” (Jan F. Celliers), die „Lewenssketse van Jopie Fourie” (deur ds. C. A. Neethling en J. M. de Wet), Totius se „Trekke Wee” en H. S. Webb se werk „De Oorzaken van de Rebelle” is deur Van Schaik se boekwinkel vir onderskeidelik 4/3, 3/9, 2/- en 2/9 te koop aangebied.

Die stadsvaders van Pretoria het op 28 Julie 1916 vergader en o.m. ’n ernstige debat oor die spoedbeperking op Kerkplein vir motors gehou. Die hoogste spoed is op 12 myl per uur bepaal. Die trembedryf het met ’n tekort van £8 000 gesukkel, terwyl die begroting voorsiening gemaak het vir eiendomsbelasting ten bedrae van £79 680.

AUGUSTUS 1916

„De aanhoudende ongevallen moeten voorkomen worden. De verontwaardiging van het publiek neemt met de dag toe”, aldus „De Spectator” van 12.8.1916. In dieselfde uitgawe is aangekondig dat die latere prof. dr. D. B. Bosman, gebore te Boshof, O.V.S., op 27 Junie 1916 te Groningen (Nederland) as doktor in die Nederlandse letterkunde gepromoveer het „op een proefschrift over Afrikaans en Maleis-Portugees, welk proefschrift in ’t Afrikaans gesteld was.”

Op 2 Augustus 1916 is Jacobus van den Berg („Oom Kootjie”), die skoonvader van maj. L. Pretorius, vroeër van die Staatsartillerie, in die Transvaalse hoofstad oorlede. „Oom Kootjie” het aan sewe Kafferoorloë en die Tweede Vryheidsoorlog deelgeneem, het tydens laasgenoemde oorlog onder genl. Muller (Boksburgkommando) gedien en was meer as 20 jaar op Pretoria woonagtig.

Nog ’n bekende uit die Anglo-Boereoorlog, genl. Tobias Smuts, L.V. Ermelo, is — aldus ’n berig in die uitgawe van 19.8.1916 — oorlede.

SEPTEMBER

In die uitgawe van „De Spectator” van 2.9.1916 is, onder die opskrif „Preekbeurten” die volgende leraars vermeld: Dr. J. H. Greyvenstein (Ned. Herv. Kerk), ds. C. A. Neethling, ds. T. D. Potgieter en ds. J. S. Theron (Ned. Herv. of Geref. Kerk). In latere uitgawes kom o.m. nog die name van ds. H. S. Bosman, ds. H. S. Pretorius (Ned. Herv. of Geref. Kerk) en ds. J. A. du Plessis (Geref. Kerk) voor.

J. F. van Oordt, bekend as „d’Arbez”, is as advokaat tot die Hoogeregshof toegelaat. Die winkelure vir Pretoria is vasgestel. Die regering het toestemming verleen dat die gesneuwelde volgeling van dr. Jameson (1895-1896) in die Krugersdorpse begraafplaas herbegrawe word. In die

uitgawe van 16.9.1916 verneem ons van die bestaan van die „Pretoria Suburban and Township Advertiser and Premier Mine News” met J. P. Hess as redakteur.

Tewens is, in dieselfde uitgawe, die heengaan van mev. Hendrina Susanna Johanna Joubert, geb. Botha, die weduwee van die voormalige Kommandant-Generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek, gen. P. J. Joubert, aangekondig. Mev. Joubert is op 14.9.1916 oorlede en die aankondiging is gedoen uit naam van Jozua F. Joubert, Hester Joubert (geb. Van der Berg), Pieter E. du Preez, Esther M. du Preez, Johanna A. Joubert (geb. Du Preez), Hendrina S. J. Malan (geb. Joubert), Jan A. Joubert en Ita M. Joubert (geb. Malan). Mev. Joubert was byna 86 jaar oud en is op 27 September 1830 op Richmond, Kaap, gebore. Sy is in 1851 op Potchefstroom met die latere generaal getroud. In die uitgawe van 16.9.1916 is die begrafnis van mev. Joubert uitvoerig beskrywe.

Op Amsterdam (Transvaal) is omstreeks dieselfde tyd komdt. R. C. Preller (70), die vader van die latere dr. G. S. Preller, oorlede, terwyl sen. A. D. W. Wolmarans op 19 September 1916 sy 59e verjaarsdag herdenk het. Op of omstreeks 30. 9. 1916 is die derde seun van komdt. Jozua Abraham Malan en kleinkind van genl. P. J. Joubert as gevolg van 'n noodlottige val op Pretoria oorlede. Hy was 21 jaar oud. Oudlandddros C. E. Schutte het teen die einde van dieselfde maand die tydelike met die ewige op sy plaas Middelburg, naby Delmas, verwissel. Hy was 69 jaar oud.

OKTOBER

Die herdenking van die verjaarsdag van wyle Staatspresident S. J. P. Kruger, op 10 Oktober, het met 'n kranstegging begin, terwyl die aand 'n Krugeraand in die stadsaal gevolg het. As sprekers het ds. H. S. Bosman, dr. J. H. Greyvenstein en ds. J. A. du Plessis opgetree. Resitasies is deur mnr. Henny gelewer terwyl mnr. Loubser „Dingaans” voorgedra het. 'n Kerkkoor het die verrigtings opgeauster.

In die uitgawe van 21.10.1916 het die redakteur van „De Spectator” uitvoerig stil gestaan by die slag van Elandsplaagte waarby hy persoonlik betrokke was. Hy het melding gemaak van die feit dat 'n bedrag van £80 ingesamel was om 'n monument op die graf van dr. Herman J. Coster te plaas. Onder leiding van die reeds genoemde G. S. Preller het die „African Films Trust” op 'n Sondag opnames in verband met die later bekende Voortrekker-rolprent op Elsburg gemaak. 'n Paar honderd Afrikaners en 'n paar duisend Bantoes het in 'n skyngeveg opgetree. 'n Handgemeen het hieruit voortgevloei wat uiteenlopend in die pers beoordeel word.

Op 17 Oktober 1916 is 'n oud-lid van die Hollanderkorps, Willem Recourt (71) op Johannesburg oorlede. 'n Wandelweg, bekend as die Bergweg, is na Fort Klapperkop aangelê en amptelik geopen, terwyl

J. H. Pierneef op 24 Oktober 'n lesing oor Afrikaanse kuns vir die „Normaal Kollege Debats Vereniging” gehou het.

Tewens verneem ons, indirek, dat die bekende teaterienaar mnr. Reck, op die hoek van Kerk- en Du Toitstraat (Kerkstraat 418) gewoon het en dat hierdie woning deur dr. Betsy Goddefroy betrek is.

NOVEMBER

In „De Spectator” van 11 November is die pleknaam Bronkhorstspuit enersyds as 'n samevoeging van „Bronkhorst” en „spuit” verklaar en terselfdertyd daarop gewys dat die ou skryfwyse Bronkerspruit was, met die eerste deel in die betekenis van „kroos” (d.w.s. waterplante).

Ds. H. S. Pretorius, een van die plaaslike leraars, het op 11 November 1916 sy intrepreek op Christiana gehou.

DESEMBER

In „De Spectator” van 2 Desember 1916 is 'n aangrypende artikel met betrekking tot die heengaan van oud-President M. T. Steyn onder die opskrif „Een vader des vaderlands” gepubliseer, terwyl in die uitgawe van 9 Desember 1916 die heengaan, op 2 Desember, van Maria Magdalena Elizabeth van Warmelo, geb. Mare, aangekondig is. Hierdie kennisgewing is onderteken deur Christina Deliana Cloete-Van Warmelo, Hendrik Cloete, Dietlof Siegfried van Warmelo, Christina Maria Jacoba van Warmelo-Malherbe, Willem van Warmelo, Emilia van Warmelo-Frylinck, Johanna Brandt-vanWarmelo, Louis Ernst Brandt, Frederik van Warmelo en May van Warmelo, Metelerskamp.

Soos bekend was die heengegane die eggenote van die bekende ds. N. J. van Warmelo en die moeder van die bekende skryfster van „Die Kappiekommando”. Lesers kan in die uitgawe van 23 Desember 'n verslag oor die verrigtings op Paardekraal lees, terwyl in die uitgawe van 30 Desember 1916 o.m. vermeld is dat op Gelofte dag 4 500 belangstellendes by die graf van genl. Beyers op Makwassie saamgetrek het. Die reeds genoemde Voortrekker-rolprent is op Pretoria vertoon en was 'n groot sukses, terwyl in dieselfde uitgawe die Nuwejaarswense van die bekende politikus adv. Tielman Roos opgeneem is.

DR. JAN PLOEGER

GEBOUE VAN VOOR 1910

Hieronder volg 'n lys van openbare geboue en privaat woonhuise in Pretoria wat voor ongeveer 1910 gebou is. Dit is 'n opname wat deur studente in die Argitektuur aan die Universiteit van Pretoria gemaak is vir die Studiegroep van Pretoriase Argitekte en wel met die oog daarop

dat sommige van hierdie bouwerke tot historiese gedenkwaardighede verklaar kan word. Sommige daarvan is dit reeds. Van die meeste van hierdie geboue is foto's geneem en sketse gemaak wat verlede jaar in die Ou Nederlandse Bankgebou uitgestal is.

Die groot taak is nou om die historiese betekenis van elkeen van hierdie geboue of huise vas te stel. Vir die doel is die hulp van verskillende liggame ingeroep, o.a. ook van die Genootskap Oud-Pretoria.

Dit kom daarop neer dat die geskiedenis van elkeen van die bouwerke opgestel moet word, met besonderhede oor die oorspronklike en latere eienaars en/of bewoners, die argitek en boumeester, en ander besonderhede van belang. Dit is 'n veeleisende taak en daar is weinig mense wat die tyd vir dergelike navorsing beskikbaar het. Daarom sal ons dit besonder op prys stel as lede van die Genootskap Oud-Pretoria en lesers van **Pretoriana** enige wetenswaardighede oor die huise aan ons kan verstrek. Dit kan wees dat 'n leser toevallig weet wie die eenaar van 'n betrokke huis is of was, wie vroeër daarin gewoon het en so meer.

Daar woet toegegee word dat baie van die geboue wat in die lys voorkom weinig argitektoniese of estetiese waarde het. Tog is almal verteenwoordigend van 'n sekere tyd en van 'n leefwyse wat vandag nie meer daar is nie. Sulke huise het veral waarde en skep 'n besondere indruk as daar 'n hele reeks daarvan in een straat voorkom. Uit die lys blyk dit dat dit byvoorbeeld die geval is in Schubartstraat, Presidentstraat en Celliersstraat. Elders in ons land is daarin geslaag om 'n gedeelte van 'n straat vir die nageslag te bewaar. Miskien kan dit ook hier gebeur.

REDAKSIE

OPSOMMING VAN GEBOUE IN PRETORIA OPPERIG VOOR 1910, WAT MOONTLIK IN AANMERKING KOM VIR BEWARING D.M.V. DIE LYS VAN VERKLARENDE GEDENKWAARDIGHED

VOORSTAD	STRAAT	NOMMER
Arcadia	Hillstraat	6
	Kerkstraat	567
	Pretoriusstraat	hoek Beckettstr./565/759
	Schoemanstraat	743/799/852/900
	Arcadiastraat	814/hoek Farendenstr./972/976
Brooklyn	Parkstraat	852
	Lynnwoodweg	125
	Brookstraat	59/109
	Andersonstraat	82/177
Gezina	9e Straat	354
	12e Straat	536
	Ben Swartstraat	Hoek 10e laan.

	Swemmerstraat	456
	Frederikastraat	Hoek 11e Laan (Kerk)
	Jacobstraat	571/369
Hatfield	Hildastraat	Hoek Parkstraat
	Arcadiastraat	1145
	Parkstraat	1235
Hillcrest	Duxburyweg	122
	U. P. Kampus	Ou Letteregebou
	Girls High	
	Boys High	
Muckleneuk	Prellerstraat	259/261/263
	Bereastraat	Berea Park/122/138
	Walkerstraat	529/555
	Mainstraat	289
Pretoria Sentraal	Hele Kerkplein	
	Potgieterstraat	Hoek Strubenstraat/168/52/ Dept. van Verdediging.
	Schubartstraat	90/111/113/117/119/150/152/ 160/162/169
	Bosmanstraat	Bosmanstraat Kerk/Staats- drukkery
	Paul Krugerstraat	51/53/57/59/Victoria Hotel/ Stasie/Sinagoge/268
	Andriesstraat	330/hoek Strubenstraat/Staats- biblioteek/ou Engelse Kerk/ Court Chambers
	Van der Waltstraat	328/ou Tramgeboue
	Prinsloostraat	406/hoek Proesstraat (winkels)
	6e Straat (Asiatiese Basaar)	Hindoe Kerk.
	Boomstraat	191/Indiese Kerk/205/hoek Margaretastraat/211/223/229
	Bloedstraat	136
	Strubenstraat	37/79/112/214
	Proesstraat	89/95/Grieks Ortodokse Kerk/ 216/270
	Vermeulenstraat	35/37/114/178/294/296
	Kerkstraat	Paul Kruger Kerk/Metro Cycle House/236/382/Burlington House/hoek Andriesstraat (O.K. Basaar), Ackermans (langs C.N.A.)
	Pretoriusstraat	Operahuis/Belastingsaal/Com- polgebou/ Die Volksstem/77

	Schoemanstraat	St. Andrews Presbyterian Church
	Skinnerstraat	176/220/320
	Jacob Marestraat	3/5/275/290
	Scheidingstraat	280
	Margarethastraat	28
	Agter stasie (2e laan Suidekant)	
Pretoria-Wes	Von Hagenstraat	133
	Luttigstraat	120
	Mitchellstraat	Hoek Lorentzstraat
	Artillery Row	Ry huise
Rietfontein	Haarhoffstraat	653
	Jacobstraat	640
Riviera	Malanstraat	64
Sunnyside	Presidentstraat	80/86/88/99/101/115/123/125/ 133/137
	Joubertstraat	Kasteelkoshuis Onderwyskollege
	Mearsstraat	215
	Troyestraat	188
	Celliersstraat	135/129/90/88/22/17
	Devenishstraat	23/90
	Bourkestraat	31/99/hoek Jorissenstraat (Kerk)
	Minnistraat	30/38
	Maplelaan	13
	Rivierstraat	82
	Villastraat	41
	Melvillestraat	138
	de Kortestraat	377
	Jorissenstraat	392
	Reitzstraat	441/447
	Rissikstraat	32
	Walkerstraat	168/224/430
	Parkstraat	813
	Aytonstraat	18
	Brecherstraat	21
	Farendenstraat	440
	Jepestraat	188
	Kirknessstraat	415
	Meintjiesstraat	61/65
	Prellerstraat	234
	Skinnerstraat	460/464
	Pierneefstraat	1017 (Metodiste Kerk)
Villieria	Ben Swartstraat	Pierneefhuis 1070



IT WAS ONLY YESTERDAY

It was December 16, 1904, the sky was clear and blue and the day hot. Silent crowds milled around, the partly demolished church on Church Square and further crowds lined Church Street west watching the procession of black-draped pyramid shaped horse-drawn carts decked with wreaths and flowers proceeded by a hearse decorated with angelic faces specially designed by Anton van Wouw, bearing the remains of a son of Pretoria, of the Transvaal, President Paul Kruger, to his last resting place besides his beloved Gezina in Heroes Acre adjoining his home.

Few photographs of the funeral scene have survived; fewer still are the "Volkstem aandenking begrafnis van de Grote Afrikaner — Paul Kruger, Pretoria, Desember 1904" medallions issued by the local newspaper of the day.

Whilst recording an interview with Mr. Stanley Noome, an old Pretorian, and looking at a postcard of a young girl with a palm of peace resting on her shoulder and gazing up in adoration at a miniature statue of the great Paul Kruger, Mr. Noome remarked, "That's my sister, Lulu", and the following story unfolded.

Rudolf Steger, the Pretoria photographer, wanted to commemorate the historical re-internment of the President in a dignified manner. No better, no more beautiful could he have done it, than in his recording for posterity, his photograph of the young palm-bearing innocence admiring Van Wouw's working model of the beloved President.

Steger, it is said, took many proofs of many children before finding his 'star', young Louie Helena (Lulu) Noome, age 10 years, daughter of Commandant Meindert Noome, a Cape Colonial from Graaff-Reinet who became Chief Clerk of the staff of the Auditor-General of the Transvaal Republic, and who was placed in charge of the 'Kruger Millions' when it left Machadadorp in the Presidential train in August, 1900.

Commandant Meindert Noome kept a diary of this period and of the quantities of gold under his care until delivered to agents in Lourenço Marques. The diaries were re-discovered 20 years after his death by his eldest son and lodged in the State Archives.

Lulu Noome was born on the 10th May, 1894 in Visagie Street off Schubart street behind the house of Judge Gregorowski (damaged by fire during October, 1971) and near the old goal where the present mint now stands. Lulu was 10 years old when Steger discovered his star. She married Ruurd Hogewind, a school teacher at Steynskraal near Heidelberg, Transvaal.

The 'Brandwag' magazine traced her there and published an article in similar vein to this on the 21st October, 1949.

21 Years after that article and 67 years after Steger's photograph, we find granny Lulu Hogewind (neè Noome) sharing her leisure hours and memories with her son Mr. Ruurd Hogewind of Brooklyn, Pretoria and with her daughter, Mrs. Ena Hemmes, in Kimberley.

T. E. ANDREWS

REGISTER OF NEW STREET NAMES AND THEIR ORIGIN

ADAM Street, Waverley. The origin of the name has been lost in the mist of time. Its replacement **DEWILDT** Str. is the name of a railway station to the north-west of Pretoria which in turn was named after Mr. E. De Wildt, Secretary to the Netherlands Company on the head office staff of the old Z.A.S.M. (Zuid Afrikaanse Spoorweg Maatskappy) railway company. **ADAM** Street in Queenswood will remain.

ADLER Street, in Christoburg and Erasmia was most probably named by Christoffel Swanepoel, who established the township. This street will now be called **KALKHEUWEL** (Lime-hill) Street, recalling the name of a farm west of Pretoria once owned by President M. W. Pretorius of the Old Transvaal Republic and founder of Pretoria; the farm was still later owned by Rev. N. J. R. Swart, State Secretary, in the 1860's

ALBERT Street in the township of Tileba was named by the then Advocate P. S. Claasens, when the township was established in 1947. The name is now changed to **VAANDRAGER** Street after a well-known educationalist Mr. M. Vaandrager of Pretoria. The continuation of this street in Dorandia Ext. 4 will also bear this name. **ALBERT** Street in Pretoria Gardens has been changed to honour **WILLIE BEHREND**S, a former Town Councillor of the former Hercules Municipality. The **Albert** Street in Waterkloof, thought to recall Queen Victoria's consort is to be kept.

AGSTE/EIGHTH Ave./Laan in Sinoville has received the name **MARICO** Ave., after a river near Zeerust in the Western Transvaal which was so called because of the blood that once flowed very freely during a war between two native tribes, or from a word meaning 'a

lonely giraffe', having reference to an old bull giraffe turned out from the herd.

ALFRED Street in Kenley was probably named by Mr. A. G. Boyes, the township owner. It will now be known as BON ACCORD Avenue, after the wellknown dam north of Pretoria which, when first created by the Government on Sinclair's original quarry, was named by General Smuts, then Prime Minister, after a farm of the same name, which was a portion of the bigger farm, De Hoop's Garden, in the Cape Province, granted to his great great grandfather in 1717. The name in Murrayfield is to be kept.

ALEXANDER Ave., Waterkloof Ridge and Ext. 2, with the many names of stars and constellation names in this area one wonders if this street was mis-spelt like its present Canopsus which should have been Canopus, and was supposed to represent the star, Alexandra, discovered on the 10th September, 1858 by Goldschmidt in Paris. The new name AQUILA Ave. (The Vulture-eagle) also called Antinous is after a constellation north of the Zodiac named by Ptolemy in 48. Alexander Street in Brooklyn is to be maintained.

ALICE Street, Rietfontein is thought to have been called after Princess Alice, wife of the last Governor General, the Earl of Athlone. As this street is considered to be an extension of the cement road over Meintjeskop, it will now be called TOM JENKINS Road after Mr. T. J. Jenkins, former Town Councillor and Mayor. Tom Jenkins was born at Paarl, in the Cape in August 1883, arriving in Pretoria when he was about six years old. In 1906, he married Doris Prince. He was Secretary to the Transvaal Museum for six years from 1907. After retiring from the Inland Revenue Department in 1938 he was elected to the City Council as Representative for Arcadia, Riviera and Rietondale and became the City's Mayor in 1944. He retired to Margate on the South Coast and became Mayor of that town in 1946 later going to Durban where he died, aged 81, on the 28th February, 1965.

Tom, as he was affectionately known, purchased a portion of Meintje's Hill from a certain Mr. Roda, and in turn sold it to the Government for the erection of Libertas on condition that the old 'bridle-path', connecting Arcadia and Rietondale be made into a road which was later constructed of cement and by convict labour, Tom was the Chairman of the Rietfontein Ratepayers' Association.

ALWYN Ave., Lydiana takes on its English translation ALOE Ave. Alwyn Ave., in Annlyn is to be kept.

ANDRÉ Street, Erasmia was called after the son of Mr. Rabie, surveyor and director of the promoting company. This street will now be

known as SKURWEBERG Street (a rugged formation of the Witwatersberg range) west of the City. ANDRÉ Street at Valhalla now has the name LISTER street suggested by the local Ratepayers' Association. The name in Tileba is to be kept.

ANGELO Lane, Queenswood becomes ENGEL Lane. Information from Councillor Herman Venter, informs me that the new name was coined by the Ratepayers' Association by dropping the 'o' on the end of the present name and then translating the remainder into Afrikaans "ENGEL".

